Nr./No. 44 1964 April

# Pretoriana

ZA.05(68) P'64/44




**CHURCH SQUARE EDITION — KERKPLEIN-UITGAWE**

*Tydskrif van die Genootskap Oud-Pretoria*
*Verskyn in April, Augustus en Desember.*

*Magazine of the Old Pretoria Association*
*Published in April, August and December.*

**Prys : 25c : Price.**

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# PRETORIANA

**CHURCH SQUARE EDITION — KERKPLEIN-UITGAWE**

## *Inhoud / Contents*

*Kerkplein — Verandering of Stagnasie* ...... 3

*Standpunt van 'n Burger* ...... 6

*Standpunt van die Argitekte Vereniging* ...... 9

*Standpunt van die Kruger-Genootskap* ...... 15

*Die Stadsraad besluit* ...... 21

*Kerkplein word 'n Monument* ...... 23

*How Much Longer? by T. S. van Rooyen* ...... 25



Digitised by the University of Pretoria, Library Services



*KERKPLEIN ONGEVEER* 1899.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# KERKPLEIN —

## VERANDERING OF STAGNASIE?

DIE historikus rig sy aandag op die verlede, na die tyd wat verby is. Dit is die terrein van sy belangstelling, van sy wetenskaplike arbeid. Die nie-historikus se belangstelling in die verlede spruit uit sy aanvaarding van die feit dat die verlede die mens inspireer. Hy soek dan ook voortdurend inspirasie, lering, uit die verlede. Die meeste van ons volksfeeste is dan ook in dié opsig verlede gerig en sprekers wat optree by sulke geleenthede soek in die verlede inspirasie vir die hede en toekoms. Die nie-historikus se verbintenis met die verlede is dus emosioneel gerig.

Wanneer ons van die „verlede" praat, dan bedoel ons dié dinge wat verby is. As ons dit so stel, klink dit aanneemlik eenvoudig, maar as ons eers begin nadink oor wat ons bedoel met iets wat verby is, wat *verlede is*, dan word dit nie meer so maklik nie en klink wat ons bedoel met „verlede" soos aanneemlike clichés wat ons tevrede stel sonder om werklike duidelikheid te hê oor wat ons eintlik daarmee bedoel.

Die gevolg is ook dat wanneer sprekers sê: „Ons moet ons erfenis bewaar", of „Ons moet die voorwerpe uit ons verlede bewaar" of „'n Volk sonder 'n verlede is geen volk nie", klink dit eerder na clichés wat emosionele aanklank by ons vind wat stimulerend op ons inwerk, maar wat in wese sonder betekenis-inhoud is.

Dit is daarom ook dat daar in ons daaglikse lewe soms so 'n groot verskil van opinie bestaan oor wat „uit die verlede" bewaar moet word of nie. Dit is waarskynlik ook grondliggend aan die verskille wat daar by Pretorianers bestaan oor die toekoms van Kerkplein. Sommige meen dat Kerkplein bewaar moet word soos hy is omdat dit „'n erfenis uit ons verlede is", terwyl die ander uiterste opvatting gehuldig word naamlik dat Kerkplein geheel en al herontwerp behoort te word met inagneming van ons huidige estetiese en utilistiese behoeftes alleen. Hierdie twee gedagterigtings lyk soms wel onversoenbaar.

Tog, by nadenke, veral indien die historikus nie net op die status van historikus aandring omdat hy 'n snuffelaar is wat allerhande ou voorwerpe om die voorwerpe onthalwe opdiep nie, maar dit doen ooreenstemmend die teoretiese grondslae van sy vak, is die twee standpunte sekerlik nie onversoenbaar nie. Met ander woorde, sodra as wat 'n antikwariër afstand doen van sy eie aanvaarde oordeel oor homself as historikus en die werklike historikus in hom na vore tree, en die stadsbeplanner die historikus se funksie ooreenkomstig dit wat die studieveld van die historikus is, erken, dan hoef die standpunte tog nie uiteindelik onversoenbaar te wees nie.

Kortliks kom dit daarop neer dat die historikus teenoor die verlede



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

staan as iets wat was maar nou nie meer is wat dit was nie, maar dit wat nou in die plek daarvan gekom het, het ontstaan uit dit wat was. Met ander woorde die verlede is iets (toestand, voorstelling, opvatting of selfs 'n voorwerp of gebou) wat verander het en nuwe vorme aangeneem het, anders kan daar nie 'n verlede bestaan nie en sou ons hier in die *nou* eintlik in die verlede gestaan het en sou die verlede logies gesproke geen verlede gewees het nie.

Antikwariese oorblyfsels — van 'n eenvoudige gebruiksvoorwerp soos 'n lepel, tot 'n gebou of selfs 'n stadsplein soos Pretoria se Kerkplein — is tasbare oorblyfsels uit hierdie verlede. Dit is ook oorblyfsels wat eensdeels om sentimentele redes nie vernietig is nie, of bewaar gebly het weens die feit dat dit nog gebruikswaarde gehad het ooreenkomstig die behoeftes van die mense wat dit gebruik. Die oorblyfsels van die Romeine in moderne Rome het om sentimentele redes bewaar gebly afgesien van die geldelike of toeristewaarde wat dit het, terwyl Kerkplein vanaf 1913 weens sy utilistiese of gebruikswaarde bewaar is soos dit is en terselfdertyd sekere veranderinge ondergaan het, soos byvoorbeeld die aanbring van die buskabels en die kleinere geboutjies van die munisipale afdeling. Die ou Kerk wat daar gestaan het en teen 1904 te Bosmanstraat herbou is, is sekerlik nie om histories-sentimentele redes verskuif nie, terwyl die Krugerstandbeeld wat eers in die vyftigerjare aangebring is, om regmatige histories-sentimentele redes daar opgerig is. Daar is geboue om Kerkplein wat weens histories-sentimentele redes bewaar word, maar ander geboue is om Kerkplein opgerig wat om 'n suiwer nuttigheids- (met 'n bykomende estetiese) rede opgerig is. Die Kerkplein van 1857 was seer sekerlik nie meer die Kerkplein van 1913 nie en die Kerkplein van 1913 is sekerlik nie meer die Kerkplein van 1964 nie. En tog, as ons 'n „geskiedenis" van Kerkplein skryf, sal ons vind dat daar „iets" van die Kerkplein van 1857 in die Kerkplein van 1964 bewaar gebly het. Die Kerkplein van 1857 en 1913 is nie meer soos dit was nie, maar soos dit nou is, het dit ontstaan uit dit wat was.

Die historikus is dus in staat om 'n „geskiedenis" van Kerkplein te skryf en wanneer hy dit doen, sal hy vind dat ten spyte van die veranderinge wat daar plaasgevind het, daar altoos elemente van die oue in die nuwe opgeneem is. Teen 1899 was die Volksraadgebou „nuut", en is dit opgerig om aan 'n behoefte te voorsien; die Raadsaal het gebly ten spyte van die feit dat Kerkplein daarna verander is, en het die Raadsaal later 'n intrinsieke deel van die algemene voorkoms van Kerkplein gevorm. In dié geval het die oue deel geword van die nuwe. Die ou Raadsaal het natuurlik ongeskonde gebly vanweë die emosionele betekenis wat dit vir die volk ingehou het veral omdat dit nie net verteenwoordigend was van die Pretorianers se verlede nie, maar omdat 'n hele volk se geskiedenis op 'n stadium daarin gesentreer was. Die hotel wat onmiddellik langs die Raadsaal gestaan het, het egter verdwyn, so ook die Standardbankgebou e.a. Die eienaars van hierdie geboue asook mense wat daar om besigheids-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

redes aangedoen het, sal sekerlik met heimwee terug dink aan hierdie geboue, maar terselfdertyd besef dat hul verdwyning geen ramp was nie en dat die verlede daardeur nie skade gely het nie. Of daar uiteindelik 'n goeie saak uitgemaak gaan word om die ou en argitektonies lelike geboue-kompleks aan die Weste kant van die Plein te bewaar, moet om dieselfde redes nog gesien word.

Ons moet oppas om nie blote sentiment en historiese werklikheid te verwar nie. As ons toegee aan sentiment, kan dit lig gebeur dat die „verlede" 'n meulsteen word wat ons sal kan laat verdrink in ons eie soort vooringenomendheid. Die „verlede" is nie iets wat ons dwing tot stilstand nie, maar dit los in die hede op en is 'n stimulus na die toekoms. Dit werk dus ,,verandering" van huidige toestande in die hand sodat die dinge van die hede terug gestoot word in die tyd en ook weer deel van die verlede word. Ons reik steeds na die sterre, maar ons moet sorg dat ons nie onbeweeglik aan die verlede vasgeketting word deur valse sentiment nie. Dit sal alleenlik stilstand, stagnasie en verval in die hand werk. Ons sal dan die verlede hede maak en ons sal dan geen geskiedenis hê nie, want soos ek aan die begin gesê het, is die verlede iets wat verander het, anders is as die hede en tog daarin opgeneem is. Ontken ons in dié opsig die geskiedenis, dan het ons alleenlik antikwariërs geword wat by 'n ou koffie-blik van 'n honderd jaar gelede sit en sentimenteel sanik.

Uit bogemelde is dit dan ook duidelik waarom dit moontlik is om die skynbaar teenstrydige standpunte van verskillende instansies tog te kan versoen. Kerkplein kan verander word sodat die verlede daarin opgeneem word en daarin weerspieël word. Die standbeeld van Paul Kruger sal in so 'n beplanning sy sentrale plek moet behou en daar mag nie afgedoen word aan die estetiese van die beeldekompleks soos dit nou vertoon nie. Terselfdertyd sal in so 'n beplanning die histories belangrike geboue in ag geneem moet word en met dit as uitgangspunt, kan daar werklik geen rede bestaan waarom Kerkplein nie so verander kan word dat dit as die hart van die stad tot sy reg kan kom nie.

Dit is daarom ook dat die Genootskap Oud-Pretoria tydens sy jongste jaarvergadering waartydens die toekoms van Kerkplein uitvoerig bespreek is, met vrymoedigheid kon voorstel dat die Burgemeester van Pretoria 'n komitee wat verteenwoordigend is van alle belanghebbende groepe, saam byeen roep om voorstelle aan die hand te doen en om aanbevelings te doen oor die toekoms van Kerkplein. Ons is daarvan seker dat ten spyte van die skynbare teenstrydige en selfs botsende standpunte wat dusver oor die toekoms van Kerkplein gehuldig is, so 'n komitee soveel punte van ooreen-koms sal vind, dat daar met die herbeplanning voort gegaan sal kan word sodat Kerkplein 'n ware sieraad vir ons stad en land sal wees waarin die verlede helder en duidelik tot die toekoms sal spreek.

T. S. VAN ROOYEN.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

*In the following pages the points of view of interested persons and public bodies on the future of Church Square are given. These views which were expressed by various persons and persons representing interested bodies at our last annual meeting which was held on December 5th, 1963, may sometimes seem to be diametrically opposed to one another and might create the impression that no compromise is possible. Yet, when these views are carefully analysed, one finds that oftimes differences are over-stressed whereby points of agreement are lost sight of. The Association Old Pretoria is certain that if the points of agreement are brought to the fore and objectively considered no reason whatsoever exists why a committee consisting of members representative of these various views could not find sufficient grounds for agreement on which to base constructive suggestions on the future of Church Square.*

# DIE STANDPUNT VAN 'N BURGER

MNR. M. L. P. SLABBERT, van die Afrikaanse Sakekamer het daarvoor gepleit dat Kerkplein moet bly soos dit is. Hy het egter gemeen dat 'n ondergrondse parkeerterrein wenslik is. Hy sien verder geen beswaar in die behoud van die huidige verkeer nie. In die ou dae het ossewaens daaroor gery. Dan het 'n mens die gebulk van diere gehoor en die aroma van mis ingeasem! Dit was 'n verkeersentrum. Waarom dit nou verander?

DR. W. PUNT, Direkteur van die Simon van der Stel Stigting en lid van die Historiese Monumente Kommissie het verduidelik dat hy nie namens een van hierdie twee liggame of enige ander liggaam praat nie. Hy voel dankbaar dat hy as 'n burger van die stad die geleentheid het om 'n paar woorde te sê oor die toekoms van Kerkplein. „Dit is juis die burgers wat die minste gehoor word oor die debat oor Kerkplein en dit is juis die mense wie se stemme gehoor moet word", het hy gesê.

### DIE TASBARE VERLEDE

„DIE Monumente Kommissie het jare gelede die voorstel gedoen dat Kerkplein as historiese monument verklaar moet word, omrede ons dit beskou as een van die mees historiese pleine in ons land. As Pretorianers is ons natuurlik daarop trots. Dit is van betekenis dat, wat aan daardie plein verbonde is, die tasbare geskiedenis van die verlede bewaar. Om dié rede het die Historiese Monumente Kommissie aanbeveel dat Kerkplein tot historiese monument verklaar word. As ons 'n bietjie nadink oor wat daar alles op die plein in die lewe van ons volk en die lewe van



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

ons stad afgespeel het, dan kan ons dit stel dat daardie gebeurtenisse dit regverdig dat Kerkplein ongeskonde bewaar word," het hy gesê.

Om Kerkplein is daar ook pragtige geboue van historiese belang. Ons dink aan die Raadsaal, die Paleis van Justisie, die ou Nederlandse Bank, die ou geboue langsaan, e.a. Al daardie historiese voorwerpe is nog daar en spreek tot ons uit die verlede. Die geboue en die Kerkplein vorm 'n harmonieuse geheel. Om te sê jy kan een gedeelte net bewaar en die ander nie, is verkeerd. Dit is 'n vorm van redenering wat nie stand hou nie. So het ons in die Monumente Kommissie ook oor die saak gevoel en so is dit gestel en so is dit aanvaar.

### GEEN LOGIESE ARGUMENT

TOE die Historiese Monumente Kommissie die proklamering van Kerkplein tot historiese monument aanbeveel het, het die Stadsraad van Pretoria beswaar daarteen gemaak dat onmiddellik tot proklamering oorgegaan word, want, is hulle argument, daar is vertoë tot ons gerig dat die oppervlakte van die plein eers verander moet word en dan kan geproklameer word. Dit is nie 'n logiese argument om eers die geskiedenis te verwoes en dan te kom vra dat geproklameer word nie.

Die Stadsraad het geen redes vir hul standpunt verstrek nie en uit uitlatings ens. lei ons af dat daar 'n gedagte bestaan om die oppervlakte van die plein te verander, te moderniseer, en selfs in sekere opsigte miskien groot veranderings aan te bring. Ons voel bekommer daaroor dat die res van die historiese geboue om die plein gesloop kan word. Die gevolg sal wees dat daardie pragtige Raadsaal soos 'n pophuisie tussen die reusagtige geboue wat opgerig sal word, sal vertoon.

So kan ons nie reg laat geskied aan so 'n gebou nie. As burgers van die stad behoort ons in die eerste plek aan ons Stadsraad te vra om ook 'n bydrae aan die beskerming van daardie plein te lewer. Dit is korrek dat die geboue om die plein nie die Stadsraad se eiendom is nie, maar die grond onder daardie plein het hulle wel 'n seggenskap oor. Die gedagte bestaan nou om daar 'n parkeerhawe te bou!

### 'N PARKEERHAWE?

DAARDIE pragtige plein moet nou 'n doolhof word waaronder motorkarre in en uit borrel. Daar sal dan staanplek wees vir 740 karre en die koste sal ongeveer R3 miljoen beloop. Die oppervlakte van die plein sal versteur word; niemand kan dit ontken nie. Weens die geologiese formasie van die aardoppervlakte bestaan die moontlikheid dat selfs die Raadsaal se fondament in die toekoms verswak sal word. Ons doen 'n dringende beroep op ons Stadsraad om af te sien van sy voorgenome plan om 'n parkeerterrein onder Kerkplein uit te grawe. Die Stadsraad kan liewers gebruik maak van die terrein in Bosmanstraat, en die ander deel van Wes-einde om daar parkeerhawens te bou. Dit kan ook bogronds wees soos Johannesburg. Dit sal maar 'n tiende kos van wat die een op die plein sal




Digitised by the University of Pretoria, Library Services

kos en die stadsburgers sal tevrede wees en die Stadsraad dank vir wat hulle stad ontvang. Terselfdertyd sal die Monumente Kommissie se hande gesterk word om Kerkplein te proklameer sodat ons in die proklamering daarvan ook beskerming kan verleen aan die geboue daar omheen.

Ons moet ook tog in gedagte hou dat geboue en plekke die tasbare geskiedenis is. Dus as ons die geboue begin verwoes, verwoes ons ons eie geskiedenis. Jy vernietig so dan jou volk se verlede.

## *ANDER TYE, ANDER VEREISTES*

'N MODERNE stad is ook maar modern vir ongeveer vyftig jaar. Dan verander die boustyl en gedagtes en vereistes. Dus om te sê ons gaan nou hierdie Kerkplein opnuut uitlê, en dat die burgers van die jaar 3000 in Pretoria 'n mooi plein gaan hê, kan nie steek hou nie, want binne 50 jaar is daar ander vereistes waaraan voldoen moet word. Daarom vra ons



*The post Office on Church Square,* 1904.

u en ons vra die Stadsraad om te besin eer daar begin word om te verander — moenie daardie plein ondergrawe nie, en steun die H.M.K. in sy versoek om proklamering.

Die vraag word gevra of indien die plein eers geproklameer is, ons mos niks meer daaraan kan doen nie. Dit is nie so nie. Na proklamering kan daar verandering plaasvind, maar dan alleen in oorleg en met raadpleging van die Monumente Kommissie. Proklamering is dus 'n beskermingsmaatreël. Dit moet die publiek goed besef en ons as burgers wil dit graag nogmaals onder die Stadsraad se aandag bring om nie te wag nie, want deur uit te stel mag dit te laat word en mag onberekenbare skade aangerig word. Dan sal Pretoria weer een van sy groot besienswaardighede kwyt wees.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## *HISTORIESE BESIENSWAARDIGHEDE*

DIE Departement van Toerisme wys daarop dat daar steeds 'n aanvraag is vir historiese besienswaardighede. Pretoria het nie so veel wat van historiese waarde is nie en ons moet bewaar wat ons kan. Dit is ook nie so uiters dringend dat die Plein nou verander moet word nie. Al wat ons baie graag verlang is dat die busdiens van daardie plein verwyder word, en dat daardie onooglike drade wat die plek ontsier weggeneem word.

Gee ons meer inheemse skaduryke bome, nie bome wat jy elke keer soos met die Presidentsverkiesing gou uithaal en terug sit nie. Gee ons iets wat daar staan wat aan die volk sê: „Hierdie bome het gestaan in so en so 'n jaar." U sal geen boom in Edinburgh sommer so sonder permit uittrek of afkap nie. Ons wil ons plein verbeter en dit kan gedoen word, maar om 'n drastiese verandering te maak soos die ondergrondse parkeerhawe en die hele oppervlakte van die plein om te dolwe en gelyk te maak, wil ons nie nou hê nie. Laat ons ons liewer toespits op die geboue daar omheen.

Ek dink ons Genootskap behoort vertoë te rig dat die mooi Nederlandse bankgebou en die aangrensende geboue bewaar bly, want hulle pas in by die Raadsaal. Netnou staan ons Raadsaal soos 'n weeskind op 'n reusagtige verlate vlak, en ek dink nie enige een in Pretoria is ten gunste daarvan nie.

MISS W. E. GLAESER, addressing the meeting from the floor: I must say thank you to those who say keep Church Square as it is. Many overseas visitors have said to me: "What a charming little square."

## *REFERENDUM?*

GRAAG sou ek sien dat die Stadsraad die burgers regstreeks vra — wil hulle aan daardie plein laat verander, ja of nee. Ek vra dus dat die burgers van Pretoria geraadpleeg moet word oor die toekoms van Kerkplein. Dit is die reg en die demokratiese reg van die burgers van Pretoria dat hulle hul mening daaroor uitspreek, en sou net tien persent stem, is dit tog geregverdig. *As ander dorpe laat stem of ons op Sondag moet swem of nie, dan kan ons tog ook oor so 'n belangrike saak die burgers se stem aanhoor.*

# STANDPUNT VAN DIE ARGITEKTE VERENIGING

MNR. ROELF BOTHA het die standpunt van die Argitekte Vereniging gestel. Hy het op besonder doeltreffende manier sy praatjie met kleurskyfies opgeluister.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services






*Church Square soon after it was replanned in* 1913.
*Kerkplein kort nadat dit in* 1913 *herbeplan is.*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

„Omdat ons eintlik ongeveer twee jaar gelede reeds ook gepraat het or die toekoms van Kerkplein het dit heelwat mense in Pretoria laat dink oor die toekoms van Kerkplein. Dit is presies wat ons as argitekte in gedagte gehad het, nl. dat u as inwoners van Pretoria, en ons as Pretorianers juis sal begin dink oor die toekoms nie net van Kerkplein nie, maar ook van ander visuele aspekte van ons stad. **Juis omdat ons daarop wil trots wees en wat ons het wil uitbou en bevestig ook vir die nageslag, daarom ook dink ek dat dit veral gepas is dat daarop gewys word dat die hoof-aksent van die memorandum wat ons as argitekte opgestel het oor die toe-koms van Kerkplein die feit beklemtoon dat die historiese karakter van die plein behoue moet word en dit uit te bou en indien moontlik nog verder vir die toekoms te bestendig," het hy gesê.**

### DIE SLEUTELWOORD

DAARDIE dinge wat ons voel wat afbreek doen aan die huidige plein en daarom ook aan sy historiese waarde moet verwyder word sodat die plein nie alleen wat sy historiese betekenis aanbetref nie groter inslag sal vind en meer duidelik tot ons sal spreek. Dit moet ook vir die inwoners van Pretoria meer bruikbaar word en dit is miskien een van die sleutel-woorde in ons benadering nl. dat ons Kerkplein meer bruikbaar wil maak vir die inwoners van Pretoria.

### TEKORTKOMINGE VAN DIE PLEIN

ONS voel dat Kerkplein beskou moet word as die kern van die middestad in die groter Pretoriagebied en dat dit sal dien as vergaderplek vir spontane byeenkomste. Dit is die kern van die saak nl. dat die huidige uitleg homself nie hiertoe leen nie.

### KERKPLEIN — DIE HART VAN DIE STAD

DIE beskikbare oop ruimte waar die plein nou is moet vir voetgangers beskikbaar wees. Dit moet as 't ware as plek dien waarheen mense kan kom vir passiewe ontspanning sowel as vir sosiale verkeer waar funksies kan plaasvind, spontaan of georganiseerd, sodat dit in werklikheid die hart, die lewende hart van Pretoria sal word en nie net die plek waar poskantoor-werkers smiddae hul toebroodjies eet nie of as kruisverkeerpunt vir die wat saans miskien na die bioskoop wil, moet dien nie. Dit moet ook as ver-gaderplek dien vir byeenkomste van landswye belang en daarom moet dit ook die fasiliteite daarvoor besit. Daar moet skadu wees en goeie uitsig op die punte waar sprekers dan sal wees. Die belangrikste is dat die histo-riese karakter van die plein behoue sal bly.

### VERSKIL IN STANDPUNT OORBENADRUK

TENSPYTE van die indruk wat geskep is dat ons van mekaar verskil, dink ek dat daar veel punte van ooreenkoms tussen ons bestaan. Die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services




*View of the Palace of Justice across Church Square.*
*This photo was taken in* 1919.

verskil in standpunte word soms te veel benadruk en die ooreenkomste vergeet.

Die kern van die probleem soos ons sal sien is die verkeer op Kerkplein sowel as die aanwesigheid van drade en pale. Die historiese geboue kom nie tot hul reg as mens deur daardie versameling van motors, busse, drade en pale moet loer om te sien waar die historiese geboue is nie. Ek dink daaroor voel ons eens dat daardie slordigheid — dit is niks anders nie — wat op Kerkplein is, opgeruim moet word.

## DIE HOOFBESWAAR

ONS hoofbeswaar soos u weet is die feit dat die bestaande oop ruimte van Kerkplein self volkome afgesluit word van die geboue daaromheen. Met ander woorde, 'n mens kan dit so stel dat daardie historiese geboue en ook moderne geboue wat daardie ruimte van die Kerkplein omsluit — eintlik van die binneste deel, die kern van die plein, die grasperk, afgesny word deur daardie verkeer en weer deur daardie strate daaromheen. Daarom voel ons dat ons die historiese geboue nie tot hulle reg laat kom nie omdat daardie verband tussen opening en geboue verbreek word.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

**Die Argitekte Vereniging het dit in hul memorandum beklemtoon dat motorverkeer volkome van Kerkplein af gekeer moet word sodat Kerkplein toeganklik sal wees vir voetgangers en toeriste die geleentheid gegun word om Kerkplein te waardeer.**

Ek is daarvan oortuig dat daar by ons die grootse mate van ooreenstemming bestaan nl. dat die verkeer op Kerkplein verwyder moet word en dat die oop ruimte of plein primêr vir voetgangers beskikbaar gestel moet word. **Terselfdertyd sal ons nie aan die historiese karakter van die plein geweld aan durf doen nie. Oor hierdie punte van ooreenkoms is daar nie 'n referendum nodig nie.** Terselfdertyd sal ons nie verskil nie wanneer ons dit beklemtoon dat die historiese karakter van die Raadsaal en die Paleis van Justisie by enige beplanning bewaar moet word.

## *'N DOOIE OOP RUIMTE*

ONS sal saamstem dat Kerkplein nie 'n dooie oop ruimte behoort te wees soos dit tot 'n groot mate huidig die geval is nie. Dit behoort so beplan te word dat dit dwarsdeur die jaar 'n trekpleister sal wees vir Pretorianers.

Dan stem ons saam dat of daar nou 'n parkeerhawe onder Kerkplein kom, of nie, die ingang na die moontlike ondergrondse parkeerhawe nie vanaf Kerkplein moet wees nie, omdat dit ons parkeerprobleme in elk geval veel meer gaan vererger en dan in elk geval onmoontlik maak om ons voertuigverkeer van Kerkplein af te weer. **Ons verskil verder nie van mekaar wanneer ons sê dat die beeldegroep in die sentrum van die plein op die enigste plek is waar dit behoort te wees en dat dit daar moet bly nie.** Die herbeplanning van die plein behoort eintlik rondom daardie beeldegroep in die sentrum van die plein waar dit tans staan plaas te vind. In ons oorspronklike memorandum het ons dit dan ook beklemtoon dat ons liewer daardie beeldegroep in die sentrum van die plein moet behou.

> MNR. T. W. N. HITGE het die gedagte uitgespreek dat Kerkplein nie die plek is vir groot byeenkomste of vergaderings nie. Die aangewese plek daarvoor is die amfiteater by die Voortrekkermonument.

Ofskoon ons voel dat die beplanning rondom daardie beeldegroep moet sentreer, mag daar miskien probleme opduik met ons beplanning soos ons dit hier ondervind in verband met funksies soos op die 10de Oktober. Die mense vergader eintlik aan die noordekant reg voor die beeld. Miskien behoort ons ons plan so te wysig dat daardie historiese sentrum wat ons as vergaderplek beskou miskien meer nou van die noord-weste hoek voor die Paleis van Justisie verder moet omloop in 'n oostelike rigting sodat daardie mense soos ons op die 10de Oktober het, nog direk voor die beeld kan plek inneem, en dat daar nie die struikelblokke is van bome wat dit sal bemoeilik nie. Daarom is dit miskien een aspek van ons plan wat hersiening vereis.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## DIE ONDERGRONDSE PARKEERHAWE

IN verband met die parkeerhawe wil ek dit benadruk dat ons in ons memorandum onsself nie vir of teen 'n parkeerhawe uitspreek nie. Ons sê alleen dat ons gedink het dat die ingange nie van Kerkplein moet wees nie ingeval daar so 'n parkeerhawe moet kom.

Die argument ten gunste van 'n parkeerhawe onder Kerkplein is natuurlik dat daar in die middestad waar mense heen gaan voorsiening moet wees vir parkeergeriewe en dit sal ook meebring dat indien daardie parkeerhawe onder Kerkplein is, die mense wat op die oppervlakte uit kom, sal bydra daartoe dat die ekonomiese lewe op Kerkplein gesentreer word. *My persoonlike mening is dat daar eintlik nie verdere argumente ten gunste van daardie standpunt is nie. Dit kom vir my voor of die teenargumente eintlik deurslaggewend is.*

'n Deurslaggewende punt is egter dat in terme van huidige stadsbeplanning dit volkome onjuis is om 'n parkeerhawe so in die sentrum van die stad te plaas. Parkeerhawes moet liewer op die voorgestelde ringpad geplaas word en nie in die sentrum van die stad nie, want die gedagte met die ringpad is juis dat die verkeer rondom die middestad gehou moet word, en nie na die middel van die stad geneem moet word nie.

## ONTSPANNING EN VERSIERING

DAN kan die beswaar ge-opper word dat daar moontlik teveel plaveisel in die voorgestelde plan is, dat daar nie genoeg skaduwee is nie en nie genoeg gras nie. Dit is heel waarskynlik so en ook in verband met daardie saak sal die plan waarskynlik nou moet gewysig word sodat daar meer voorsiening vir grasperke en bome ens. gemaak word. Dan is daar ook die moontlikheid dat kafees nie heeltemal gaan pas op die plein nie, alhoewel ons voel dat daardie element van lewe en beweging mense na die plein sal trek.

Ek wil beklemtoon dat ons as argitekte voel dat ons op hierdie punt van ooreenkoms 'n voldoende basis het waarop ons kan aangaan met die moontlike herbeplanning van Kerkplein, en dat ons voel dat dit die Stadsraad se plig is om daardie werklike lewende hart van Pretoria te voorsien. Pretorianers sal daar dan kan saamkom en saam vergader. Daarom voel ons dat die Stadsraad ons voorstel i.v.m. die herbeplanning van Kerkplein moet verder ondersoek. Die Argitekte Vereniging se memorandum is 'n basis van bespreking, dit is geen finale plan in verband met die uitleg van Kerkplein nie.

Ten slotte wil ons graag op hierdie stadium daarop wys dat wanneer ons praat van herbeplanning van Kerkplein, dan hang dit self van die hele toekoms van die middestad af. Ons voel dat die tyd ryp is dat 'n volledige ondersoek gedoen word na die toekoms van ons middestad. Veral die snelweë wat om die stad aangelê word en wat die toestroming na die middestad gaan vergroot, maak so 'n ondersoek dringend noodsaaklik.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

**PROF. F. J. DU TOIT SPIES het die gedagte uitgespreek om die grense van die historiese geboue wat op Kerkplein gestaan het en toe gesloop is, op een of ander manier aan te dui. Hy het daarop gewys dat die grense van die ou kerk wat na die Tweede Vryheidsoorlog gesloop is, behoort aangedui te word. 'n Kort geskiedenis van die gebou of net 'n vermelding dat die kerk daar gestaan het, kan d.m.v. 'n brons plaat aangebring word. Indien die buitelyne van die ou kerk op Kerkplein aangebring word, sal ons vind dat die Kruger-standbeeld in die middel daarvan opgerig is. Selfs plekke waar historiese gebeurtenisse plaasgevind het, kan so aangedui word. Wanneer besoekers ons stad besoek, sal hulle so besef dat ons verlede nie dood is nie, maar in en om ons voortleef.**

# STANDPUNT VAN DIE KRUGER-GENOOTSKAP

*DIE standpunt van die Kruger-Genootskap is deur mnr. J. M. van der Westhuysen, argitek van die voetstuk van die beeldegroep op Kerkplein, gestel.*

Die Kruger-Genootskap waardeer dit dat hierdie Genootskap die geleentheid gebied word om sy standpunt te stel.

Die Kruger-Genootskap wil volgende jaar, nl. 1964, sy vyftigjarige bestaan op luisterryke wyse vier met 'n groot fees en alles wat daarmee saamgaan. Dan sal dit ook 'n halwe eeu gelede wees dat die Kruger-Genootskap begin veg het om geskonde dinge weer reggestel te kry. In 1964 sal dit ook tien jaar gelede wees dat ons daarin geslaag het om met die onthulling van die Kruger-Monument op Kerkplein ons eerste groot roeping te kon vervul. Ons het lank geveg om te kon kry wat ons moes hê. Tans sprei ons ons werksaamhede uit tot in CLARENS, Switserland, waar ons hoognodige aandag skenk aan die sterfhuis van President Paul Kruger.


## DIE GOUE DRAAD

DEUR al hierdie werksaamhede heen is daar 'n goue draad gespin wat sy oorsprong het in ons verre-volksverlede, maar deur Paul Kruger weer in die hand van die opkomende geslag geplaas en daarom spin ons voort deur **uit die verlede te neem dit wat goed en edel is — dit te beskerm — en die toekoms daarmee te bou.** Dit is ons selfaanvaarde leuse.

Ons sal die naam: „KRUGER-GENOOTSKAP" nie waardig wees as ons nie bly veg en help bou aan 'n toekoms op hierdie edel en goeie fondament van die verlede nie. Geeneen van ons sal ook die naam „SUID-AFRIKANER" waardig wees as ons vreemd staan teenoor hierdie dinge nie.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services



*Paul Kruger's spirit and that which he stood for will never die. In him the past, the present and the future of a people are symbolised. The Kruger Monument soon after having been re-erectd on Church Square.*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

### *GEEN BESWARE*

DAAROM is ek bly om te kan verklaar dat in hierdie gees van *neem en bou* die Kruger-Genootskap geen besware het daarteen dat die Kerkplein herontwerp word ten einde meer funksioneel te wees as hart van 'n moderne stad nie. **Daar mag egter nie gepeuter word met die Kruger-Monument hetsy deur veranderinge of verskuiwing nie. Die Kruger-Monument — wat tans die middelpunt van die plein is — moet die middelpunt bly waaruit die hele skema, van herontwerp, moet groei en waaromheen dit as eenheid moet kristalliseer. Die Historiese waarde van die plein mag nie verder versteur of vernietig word nie.**

Ons het geen beswaar daarteen dat die plein herontwerp word mits daar net nie gepeuter word met die Kruger-Monument **wat in een stuk dit simboliseer wat die Suid-Afrikaanse volk was aan die einde van die fase wat met die vorige eeu afgesluit het nie.**

### *SIMBOLIEK*

DIT is nodig dat ons vir 'n paar oomblikke stilstaan by die Kruger-Monument en sy simboliek.

Die KRUGER-MONUMENT word verkeerdelik die KRUGER-STANDBEELD genoem. Daarin lê die dwaling. Want dan word dit persoonsverering, iets wat nie strook met die Afrikaner se dieper oortuigings nie. Dan mis ons ook die ware simboliek daarvan. Soos dit daar staan is dit 'n monument wat veel meer simboliseer as net 'n STANDBEELD ter herinnering aan PRESIDENT PAUL KRUGER.

Dit simboliseer die AFRIKANER-VOLK gedurende sy Eerste Trek totdat hy gedwing was om uit te span voordat hy weer kon inspan vir die Nuwe Trek van hierdie eeu na GROTER VLAKTES, HOËR BERGE en — met ons HOOGSTE DANK — weer uiteindelik onder leiding van net so 'n GROOT MAN soos PAUL KRUGER was, **reeds noual met nog veertigjaar pad en minstens nog vyftien jaar leeftyd voor — DIE TWEEDE GROOT-KRISTAL van die Afrikanerdom.**

Soos die delwershand sy sif dan skud opdat die skuim en modder uit kan was en die gruis spiralig in 'n draaikolk al meer en meer na die middel werk totdat die swaarste edelsteen presies in die middel van die sif kom lê, omring deur al ligter en al ligter gruis, so het ook Die Delwershand van God ons ou Volkie hier in Trekkerstrome aangevoer en in die Suid-Afrikaanse sif dan rondgeskud deur Potchefstroom en Rustenburg, deur Ohrigstad en Lydenburg, deur Schoemansdal totdat die gruis om Pretoria begin het om saam te pak en allengs die DIAMANT PAUL KRUGER in die fokuspunt geplaas het.

Waar die twee lands-asse van NOORD-na-SUID, van WES-na-OOS, wat gans Transvaal deurkruis mekaar in die hart van Pretoria, waar KERK-STRAAT en PAUL KRUGERSTRAAT mekaar op die middelpunt van



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

KERKPLEIN dan kruis, het dit ook die plek bepaal, eers vir die Kerk as fondament en daarna vir die Kruger-monument waarvan die Kruger-standbeeld self die fokuspunt nou is. Hy staan in die middel van die plein temidde van sy volk om simbolies net-net bo hul uit te staan.

Die skepper van die beeldegroep asook van die gedagte-vorm van die monument nl. Anton van Wouw, wou hom nog laer hê, sodat hy as een van hul nie so hoog uitstyg bo sy volk nie.

Om estetiese redes wou prof. A. L. Meiring die destydse adviseur van die Kruger-Genootskap hom nog hoër hê. Ons het hom toe geplaas waar hy tans staan — temidde van sy volk.

Sy volk word gesimboliseer deur die vier Boere-figure uit verskillende tydperke van die Transvaalse geskiedenis. Hierdie vier Boerebeelde is so geplaas dat elk diagonaalwys simbolies een kwadrant van Transvaal as wag bewaak — deurkruis — deurleef. Ook word die geskiedenis deur episodes uit die Eerste Trek met taferele in vier panele vasgelê en aan ons oorgedra. Die wye platformvloer met trappies wat weereens van Noord en Suid, van Wes en Oos daarheen toegang skep, bied die Ruim waar die toekomstige volk — van hierdie eeu — kan saamdrom in die middel van die Ruim en Opeplein waar ons so kan saamkom. Die geliefde Krugerspreuke is op die ringmuur uitgekap as rigsnoer vir die volk wat daar rondom vergaar.

## *NOODWENDIGHEID*

DAAROM staan die KRUGER-MONUMENT in hierdie bepaalde vorm. 'n Vorm wat nie anders kan wees nie. Daarom staan die KRUGER-MONUMENT op die middelpunt van Kerkplein. Dit kan op geen ander plek staan nie. As dit anders sou wees sou dit nie voldoen aan die simboliese vereistes wat gestel word as die Monument waarlik DIE KRISTAL van die EERSTE TREK van die SUID-AFRIKAANSE VOLK is nie. Dit staan op die spesifieke plek waar die kerk gestaan het; die KERK as fondament van die Afrikaanse volksstruktuur en dus reeds gewyde grond. Die Kruger-Monument is ook gebou uit Pretoria-graniet — in simboliese sin. Die voetstuk by die stasie is uit Skotse klip.

Dit is die einde van 'n noual 50-jarige stryd wat die Kruger-Genootskap onbaatsugtig voer en sal bly voer om aan die wense van die skepper van die beeldegroep, die draer van die gedagte-vorm — Anton van Wouw — te voldoen asook 'n stryd om aan die wense van 'n verslane volk uitvoering te kan gee. Dit was 'n stryd ter betaling van ons skuldelas wat hierdie eeu se geslag verskuldig is aan 'n verbygegane geslag.

Dit is die resultaat van 'n halwe eeu se stryd ten einde die swerwende geskeide beeldegroep — as sulks, simbool van oordeel en heers — weer . . . vanaf 'n Dode-Park terug uit die Portugese hawensloods vanuit 'n plunderende Lord se tuin oorsee of uit die vuil beroete stasiewerf vanaf 'n



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

stasieplein bymekaar te bring om as **die goeie en die edel** saam te bou in 'n monument wat die kwaad wat gedoen was deur oorlog en ook plundering weer reg moes stel.

## *HUIDIGE POSISIE*

DIE jongeres hier staan deur onkunde in hierdie saak miskien onverskillig maar sal na dese tweemaal dink; maar die oueres wat meer weet veg nog voort en daarom wil ek vanaand hierdie bedekte stryd hier aan u openbaar as naakte feit voor die verteenwoordigers van beide taalgroepe van ons volk.

Ek lees vir u voor uit die „SOUTH AFRICAN ARCHITECTURAL RECORD" van Maart 1963, uit 'n artikel met byskrifte wat handel oor die onderwerp wat ons vanaand hier bespreek. Op bladsy 17 staan geskryf:

*„On the axis of the proposed new forum but on the upper level between the Raadsaal and the suggested oration dais incorporated in the forum steps seems to be the logical future place for the Van Wouw bronzes of Oom Paul and his four Boers grouped this time, with the studied care and simplicity which their very great quality as sculpture still needs and demands. How much more appropriate and moving it would be to see this great figure and his men against the backdrop of their Raadsaal looking across to their Palace of Justice and 'presiding' as it were over the speakers on the dias and the gathered crowds in the forum. The centre of the square I feel is the place for a mighty fountain whose cooling jets will welcome one from far along the four straight axial approach roads coming in from north, south, east and west."*

Uit die jongste (die November) uitgawe van dieselfde blad lees ek vir u voor uit 'n artikel „PRETORIA OF THE FUTURE" deur dieselfde skrywer (bl. 22).

*"Imagine a great enclosed central park filled with fine trees and shrubs and greenery such as the Botanic Gardens in the heart of Cape Town, with a really great fountain throwing up its sparkling jet a hundred feet or more, and an open air cafe for sun-speckled lunches . . ."*

Dit is tog genoeg bewys dat die einddoel is om die plein sodanig te herskep — ek gee sover toe — met die Krugermonument voorlopig in vorm ongeskonde op sy plek maar sodanig reeds in atmosfeer geskend deur die nuwe plein omring en fyn beplan sodat die Krugermonument daar totaal onvanpas raak en dan maar verskuif sal moet word.

## *EISE*

U kan nou sien waarom ons eis dat daar nie gepeuter word aan die vorm of posisie van die monument nie. U kan sien waarom ons eis dat enige skema om die plein te herskep die Krugermonument **in der waarheid**



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

as uitgangspunt moet hê waaruit die hele struktuur as korrekte eenheid moet kristalliseer. Eers dan sal dit ook voldoen aan die eerste basiese vereiste van boukunde nl. harmonie tussen alle aspekte.

### VOLKSFEESTE

DIT word verder aangevoer dat die plein herskep moet word om dit doeltreffend te maak vir groot volksfeeste Dit wil die Kruger-Genootskap met groot graagte onderskryf omdat die Krugerfees juis die enigste volksfees is wat jaarliks op die plein moet plaasvind en ook gehou word. In sy huidige vorm voldoen die plein ook nie aan ons vereistes nie. Ons moet elke jaar tydelike strukture laat oprig.

### KRITIEK

SOOS dit nou beplan word met die podium voor die Raadsaal m.a.w. skuins agter die Krugermonument en daarby nog . . . ek hoop nie moedswillig nie . . . versper met toekomstige hoë bome, voldoen dit geheel en al gladnie aan die primêre vereiste nl. om van voor die monument ons fees te kan lei nie. Daar dien ook verder op gelet te word dat die Raadsaal in die eerste plek Provinsiale waarde het terwyl die Paleis van Justisie Staatswaarde het. Die inhuldiging van Presidente sal ook in die toekoms nooit voor die Raadsaal maar waarskynlik wel voor die Paleis van Justisie plaasvind — soos reeds gebeur het, om hierdie rede, met Republiekwording.

Daar moet dus voorsiening gemaak word vir 'n podium voor die Paleis van Justisie. Terloops, as u op die huidige trappe van die Paleis van Justisie staan sal u merk dat die Krugerbeeld reg na u kyk asof dit van die begin af so beplan was.

Ook maak die voorgenome projek voorsiening vir 'n versinkte vloer direk aan die westekant van die monument wat noodwendig alle optogte wat rondom die monument beweeg sal belemmer of selfs 'n gedeeltelike laer vlak sal skep as die bewegings om die monument tot rus kom vir die huldigingsfunksies. So 'n versinking moet uitgeskakel word. Dieselfde besware van belemmering en wegversperring geld ook vir die gebroke gebruikersruimte van die noordoostelike kwadrant waar 'n tuin reg in die bewegingsruimte geplaas word. Dit geld ook vir die buitelugkafee in die suidoostelike kwadrant. Hierdie kafee sal baie meer aandag moet geniet om alles tot 'n eenheid te kan skep.

### GEVOLGTREKKING

U kan dus sien waarom ons neffens die Stadsraad meer gemoeid is met Kerkplein as alle ander instansies. U kan sien waarom ons nie die idee soos tans aan ons voorgelê word kan ondersteun nie. Daarom veg ons voort. Daarom bou ons voort om die goeie en die edele in te weef in ons volk se adel.

### *AANBOD*

GETROU aan ons Genootskapsleuse wat ons probeer uitleef, sal ons graag wil saamwerk om hierdie probleme op te los wat sal verseker dat daar geen ongunstige situasie kan ontwikkel waardeur die posisie of die vorm sowel as die atmosfeer van die Krugermonument later in gedrang sal kom nie. Ons bied weereens ons hulp hier aan om te verhoed dat die, tot hier toe, oningeligte jeugdige element asook die ouer vegters, met ervare lis, nie 'n situasie kan skep nie wat uiteindelik moet ontwikkel tot die voorgenome verbrokkeling van dit wat ons reeds tot stand gebring het nie.

# BESLUIT

ONLANGS het die Burgemeester, prof. P. J. van der Walt, by 'n baie warm vergadering van die Argitekte Vereniging waar daar ook verskeie opinies gelug is oor die toekoms van Kerkplein, daarop gewys dat hy die nodige aanvoorwerk sal moet doen om die verskillende groepe bymekaar te bring.

Op dr. T. S. van Rooyen, Ondervoorsitter van die G.O.P. se voorstel is daarop eenparig besluit dat die vergadering 'n versoek rig aan die Burgemeester, prof. Van der Walt, om so gou moontlik 'n komitee bestaande uit verteenwoordigers van belanghebbende liggame en van die publiek onder voorsitterskap van die Burgemeester self, of 'n persoon deur hom aangewys, saam te roep, om op die hele vraagstuk van die toekoms van Kerkplein in te gaan. Hierdie komitee moet in 'n raadgewende hoedanigheid dien en die lede daarvan sal ook verantwoordelik wees aan die liggame wat hulle verteenwoordig. Sodoende sal daar verseker word dat daar met die beplanning van Kerkplein voortgegaan sal kan word, en dat Pretorianers se wense so ver moontlik in daardie beplanning uitgespreek sal word.

# DIE STADSRAAD BESLUIT

OP 'n vergadering van 19 Desember 1963 het die Raad besluit dat Kerkplein in sy huidige vorm gehandhaaf sal bly. Daar is verder besluit dat die Raad Sy Edele, die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap en die Historiese Monumente Kommissie sal meedeel dat die Raad onderworpe aan sekere voorwaardes, geen beswaar teen die proklamering van Kerkplein as 'n Historiese Monument het nie.

Die voorwaardes waaronder die Raad sal toestem dat Kerkplein tot Historiese Monument geproklameer word, is:

(a) Dat Kerkplein in sy huidige vorm behou word en dat die groep argitekte wat vertoë tot die Raad om 'n heruitleg van Kerkplein gerig het, in kennis gestel word dat die Raad nie bereid is om aan hulle versoek te voldoen nie.

(b) Dat die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap en die Kommissie tot Behoud van Natuurlike en Historiese Gedenkwaardighede en Oudhede in kennis gestel word dat die Raad geen beswaar het teen die proklamering van die Plein as 'n historiese monument nie, mits :

(i) die regte wat tans aan eiendomme wat aan Kerkplein grens, verbind is, sonder aantasting sal voortduur;

(ii) al die gebruiklike bedrywighede op Kerkplein, sowel as die gebruik van die Plein deur die publiek en die gebruik daarvan deur die Raad in verband met die lewering van dienste aan die publiek, ook in die toekoms ongesteurd sal voortduur;

(iii) **die Kommissie sal toestem om die oprigting van 'n ondergrondse parkeergarage onder Kerkplein goed te keur, indien die Raad sou besluit om daarmee voort te gaan.**

(iii) die Kommissie tot Behoud van Natuurlike en Historiese Gedenkwaardighede en Oudhede die Raad sal raadpleeg insake enige veranderings wat die Kommissie in verband met die Plein beplan.




*View of Church Square, approximately* 1919.

## *KERKPLEIN WORD 'N MONUMENT*

IN 'n onderhoud wat dr. P. J. du Toit, voorsitter van die Historiese Monumente Kommissie met die *Pretoria News* op 23 Desember 1963 gehad het, het hy gesê dat die proklamering van Kerkplein as 'n historiese monument vroeg in 1964 verwag kan word. Geen tyd sal verspil word noudat die Pretoriase stadsvaders hul toestemming gegee het nie. Die aangeleentheid sal tydens die eersvolgende vergadering van die Kommissie bespreek word en die Regering sal gevra word om so gou doenlik die verandering teweeg te bring.

Dr. Du Toit het gesê dat hy baie in sy skik is oor die besluit van die stadsraad. „Ons wou lank reeds die Plein as een van ons nasionale monumente hê en ek is daarvan seker dat elke lid van my Kommissie baie gelukkig voel oor die besluit," het hy gesê.

Dr. Du Toit het verder daarop gewys dat hy tot dusver ongelukkig nog nie die implikasies van die stadsraad se besluit met lede van die Kommissie bespreek het nie, maar hy hoop dat die nodige proklamasie so gou as moontlik in die nuwe jaar gepubliseer sal word.


Volgens die *Pretoria News* het prof. A. L. Meiring wat namens die groep argitekte gepraat het, die *Pretoria News* se verslaggewer meegedeel dat hy geskok is om van die stadsraad se beslissing te verneem.

Mnr. V. H. Rees-Poole wat twee-en-vyftig jaar gelede verantwoordelik was vir die beplanning van Kerkplein, het weer gesê dat die Raad 'n wyse besluit geneem het.


Wanneer Kerkplein eersdaags soos te verwagte tot historiese monument verklaar word, sal daar ook 'n einde kom aan die debat wat gedurende die afgelope twee jaar gevoer is, naamlik of Kerkplein eers herbeplan moet word en dan tot historiese monument verklaar moet word en of die prosedure andersom moet geskied, naamlik of die plein eers geproklameer en dan herbeplan moet word.

**Proklamering van Kerkplein tot historiese monument beteken in elk geval nie dat daar geen veranderinge aan Kerkplein in die toekoms aangebring sal word nie.** Proklamering van Kerkplein beteken dat enige herbeplanning van Kerkplein met die toestemming en medewerking van die Historiese Monumente Kommissie sal geskied. **Dr. W. Punt, wat lid is van die H.M.K., het dit dan ook by herhaling duidelik gestel dat die proklamering van Kerkplein nie sal beteken dat Kerkplein noodwendig sal moet bly soos dit is nie.** Gedurende die afgelope vyftig jaar is daar bv. heelwat geboutjies en bedrading op die plein aangebring wat uit 'n estetiese en historiese oogpunt gesien, die plein as monument en bymekaarkomplek, skaad.

Lesers van *Pretoriana* se aandag word verder ook weereens gevestig op die voorwaardes waaronder die Stadsraad gewillig is om hul toestemming te verleen aan die proklamering van Kerkplein as historiese monument. Veral die voorwaarde dat die H.M.K. moet toestem tot die oprigting



*The Bras Perreira House facing onto Skinner Street.*
Photo: T. E. Andrews



*Demolition of Bras Perreira House.*
Photo: T. E. Andrews

van 'n ondergrondse parkeergarage onder Kerkplein indien die Raad sou besluit om daarmee voort te gaan, sal sekerlik met gemengde gevoelens ontvang word. Uit die debatte wat tot dusver oor die toekoms van Kerkplein gevoer is, is dit duidelik dat die gemoedere oor die vraag van 'n ondergrondse parkeergarage al dan nie, sterk verdeeld is. In hierdie opsig meen ons dat die debat nog nie afgesluit is nie en dat in die toekoms nog veel loskruit skote oor die aangeleentheid gehoor sal word.

Die besluit van die Stadsraad impliseer verder dat daar gevoel is dat Kerkplein nie noodwendig hoef te bly soos dit is nie. Herbeplanning is dus nog moontlik, maar die prosedure waarvolgens dit kan geskied, is nou anders.

**Ons weet dat die H.M.K. in enige moontlike verandering wat Kerkplein mag ondergaan, nooit sal swig voor enige eise om die historiese karakter van Kerkplein geweld aan te doen nie. Ons glo terselfdertyd dat die Kommissielede 'n ope oog het vir die veranderinge wat noodsaaklikerwys op Kerkplein aangebring moet word.**

Diegene wat van opinie is dat niks, absoluut niks aan Kerkplein verander moet word nie sal uit die debatte wat oor die aangeleentheid gevoer is en na aanleiding van voorgaande, sekerlik skrale troos vind.

# HOW MUCH LONGER?

IT has come to our notice that the material of the historic Bras Perreira house which was stored on the site where the house stood at the corner of Skinner and Paul Kruger Streets has received the attention of vandals.

The house which when it was carefully demolished about two years ago, was at that time the oldest house standing in Pretoria. After careful consideration the Association Old Pretoria decided that because of the intrinsic cultural-historical value of the house, and because of the fact that the site on which the house stood was being developed for other purposes, to have the house demolished and to store it on the site until such time as a start could be made with the contemplated Open Air Museum near the present Voortrekker Monument where it was to be re-erected.


The fact has now been brought home to us that the material has received the attention of vandals and pilferers and that window frames, doors and even roofbeams have been removed from the site. At the same time many of the clay bricks used by the original builder have crumbled in the rain and can never be used again.

In the Netherlands, Belgium and other countries of Europe as well as America the authorities as well as the public have taken the idea of an open air museum as granted. To them it is unthinkable that the outward traces of their rich historical and cultural past should be allowed to dis-




*Demolition of Bras Perreira House. Photo shows interior of house before demolition was completed.*

Photo: T. E. Andrews



*Demolition of Bras Perreira House. The materials had to be stored on the site.*

Photo: T. E. Andrews




*Bras Perreira House before demolition. This house was built in* 1866. *It was the intention of the Association Old Pretoria to re-erect the house on the site of the Open Air Museum.*

appear. Henry Ford of motorcar fame whose debunking of history has found himself immortalised in nearly every book on History, had, despite his apparent negative attitude contributed generously towards the maintenance of such museums. Other men of generous pocket and deep understanding, have followed suit. Local, provincial and national authorities in these various countries have at the same time given their wholehearted support to the erection of museums that are monuments to their understanding of the necessity of such things.

For the last fifteen years the Association Old Pretoria has unremittingly fought for an open air museum. We have time and again pointed out that our economical development must of necessity destroy those things out of our past which if they are not somehow preserved, must of necessity reflect on a paucity of understanding and cultural emptiness. Although the point has at last been reached where our City Fathers have made a piece of ground of approximately thirty morgen available for the project and the Minister of Education, Art and Science has intimated that funds would be available within the near future, we hope that some of our major industrialists whose very prosperity resulted from our rich heritage, will emulate a Henry Ford. It is sad to reflect that in our country which at present is

experiencing a fantastic economic boom period, material riches must reflect disinterestness in our historical heritage.

The original idea was that the Bras Perreira House should be erected brick by brick on the open air museum site. Every single brick, every window frame or door had to be replaced in its original position. It would naturally have been much easier and cheaper to simply have a replica of the original house made, but then the inner value of the thing would have been destroyed. The past which can only speak to us through the preserved object and through which the past is given meaning, would then have disappeared, leaving in its place a vague memory.

How much longer must we wait before our ideal of an open air museum is realised? Must we wait until these old buildings that can still be preserved have all disappeared so that some self-righteous 'culturist' of the future may condemn our lack of understanding and foresight?

In the meantime as the *Pretoria News* so aptly put it, we are going to "have a king-size problem" on our hands when one day in the remote future we are going to get round to the reconstructing of Pretoria's Bras Perreira house.

T. S. VAN ROOYEN.

## KORREKSIE

Dit het onder die aandag van die Redaksie van *Pretoriana* gekom dat die paragraaf in die voorsitter van die *Genootskap Oud-Pretoria* se jaarverslag onder die opskrif *„Die Publisiteitsvereniging van Pretoria"* (sien bladsy 55 van die Aug.-Des.-uitgawe) wat deur meerderheidstem deur die algemene jaarvergadering afgekeur is, nogtans onveranderd in *Pretoriana* verskyn het. Daar is trouens op die jaarvergadering besluit om die betrokke gedeelte van die jaarverslag te skrap. Die Redaksie van *Pretoriana* wil hiermee sy verskoning aanbied aan die Publisiteitsvereniging vir die verskyning van die besondere paragraaf. Die onveranderde jaarverslag het in *Pretoriana* verskyn weens redes buite die beheer van die Redaksie. Die betrokke paragraaf word kragtens die besluit van die algemene ledevergadering onvoorwaardelik teruggetrek. Die Redaksie versoek lede van die Genootskap om derhalwe die betrokke jaarverslag te lees asof die betrokke paragraaf nooit daarin verskyn het nie.

HIERDIE UITGAWE
VAN PRETORIANA IS DEUR DR. T. S VAN ROOYEN VERSORG

**Genootskap Oud-Pretoria**
(Gestig: 22 Maart 1948)

**Ons doel:** Om te waak oor die geskiedenis van ons stad en distrik.

**Association Old Pretoria**
(Founded: 22 March, 1948)

**Our aim:** To preserve the past for the future of our city and district.

BESTUUR: EXECUTIVE COMMITTEE:

*Ere-President* — DIE BURGEMEESTER VAN PRETORIA — *Honorary President*
THE MAYOR OF PRETORIA.
*Voorsitter* — DR. G. W. EYBERS — *Chairman.*
*Ondervoorsitter* — Dr. T. S. VAN ROOYEN — *Vice-Chairman.*
*Penningmeester* — Mnr. /Mr. G. RISSIK — *Treasurer.*
*Sekretaris* — Mnr./Mr. J. H. MINNIE — Secretary.
*Hulpsekretaris en Sakebestuurder / Assistant Secretary and Business Manager*
Mnr./Mr. T. E. ANDREWS.
*Redakteur* — Mnr./Mr. H. M. REX — *Editor.*
*Argivaris* — Dr. N. A. COETZEE — *Archivist.*
*Bykomende Lede* — Dr. J. J. N. CLOETE — *Other Members.*
Dr. W. H. J. PUNT,
Prof. Dr. F. J. DU T. SPIES,
Mnr./Mr. F. J. WEPENER.
*Verteenwoordiger van die Stadsraad / Representative of the City Council*:
Prof. Dr. P. J. VAN DER WALT.
*Burgemeester / Mayor.*

*Bydraes moet asb. gestuur word aan*: Die Redakteur „Pretoriana", Koningin Wilhelminalaan 15, Muckleneuk, Pretoria.

*Contributions to be sent to*: The Editor "Pretoriana", 15 Queen Wilhelmina Avenue, Muckleneuk, Pretoria.

GEDRUK DEUR VICTORIA DRUKKERY, SWEMMERSTRAAT 504, GEZINA, PRETORIA.